eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**MUSIEK V1**

**NOVEMBER 2013**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 125**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. Beantwoord AFDELING A op hierdie vraestel, slegs met potlood, in die spasies wat voorsien word.

3. Beantwoord AFDELING B, slegs in blou of swart ink, in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Jy mag dit verwyder.

6. Jy mag vir die duur van die eksamen nie toegang tot enige musiekinstrument hê nie.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## NASIENROOSTER

| VRAAG | TOTALE PUNT | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | | | |
| 1 | 18 | | |
| 2 | 17 | | |
| 3.1 of 3.2 | 10 | | |
| 4 of 5 | 15 | | |
| **SUBTOTAAL** | **60** | | |
| | | | |
| **AFDELING B** | | | |
| 6 | 10 | | |
| 7 | 10 | | |
| 8 | 5 | | |
| 9 | 5 | | |
| 10 | 10 | | |
| 11 | 8 | | |
| 12 | 6 | | |
| 13 | 6 | | |
| 14 | 5 | | |
| **SUBTOTAAL** | **65** | | |
| **GROOTTOTAAL** | **125** | | |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE** **90 MINUTE**

**Beantwoord VRAAG 1, 2, 3 (3.1 of 3.2) en ÓF VRAAG 4 ÓF VRAAG 5.**

**VRAAG 1 (Aanbevole tydsduur: 20 minute)**

Bestudeer die uittreksel uit *Lascia Ch'io Pianga* deur GF Handel en beantwoord die vrae wat volg.

## Lascia Ch'io Pianga
**(Uittreksel)**

**GF Handel**




VRAAG 1.5

1.1 Noem die toonsoort van hierdie lied.
**Antwoord:**
E$^{\flat}$ majeur (1)
*1 punt*


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.2 Verduidelik die A-herstel in maat 10–13.
**Antwoord:**
Dui die modulasie na B♭ majeur OF die leitoon van B♭ majeur aan (2)

| |
|---|
| *1 punt vir woord 'modulasie' of verandering van toonsoort (of Leitoon)bevestig deur die kadens in maat 13-14* |
| *1 punt vir toonsoort B♭ majeur = 2 punt* |

1.3 Verduidelik die A-mol in maat 14.
**Antwoord:**
Dui die modulasie terug na E♭ majeur/tonika toonsoort/oorspronklike toonsoort/$V^7$/dominant van $E^b$ majeur (1)

1.4 Besyfer die akkoorde gemerk (a)–(g). Noem in elke geval die toonsoort, akkoord en posisie, byvoorbeeld A: Ib of A: $I^6$ of A: $I^6_3$ of A: A/C#.

**Antwoord:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) | $E^b$: | iib | **of** | $E^b$: $ii^6$ of $ii^6_3$ | **of** | $E^b$: Fm/A♭ |
| (b) | $E^b$: | Ib | **of** | $E^b$: $I^6$ of $I^6_3$ | **of** | $E^b$: E♭/G |
| (c) | B♭: | iii | | | **of** | B♭: Dm |
| (d) | B♭: | IV | | | **of** | B♭: E♭ |
| (e) | B♭: | 1c | **of** | B♭: $I^6_4$ | **of** | B♭: B♭/F |
| (f) | B♭: | $V^7$ | | | **of** | B♭:$F^7$ |
| (g) | B♭: | I/$E^b$: V($^7$) | | | **of** | B♭: B♭/ of $E^b$: $B^b$ |

(7)

| |
|---|
| *½ punt per toonsoort, ½ punt per akkoord X 7 = 7 punte* |
| *Geen ½-punt vir slegs toonsoort* |
| *Ken 1 punt toe vir die korrekte akkoord as die toonsoortveandering aangedui word.* |
| *Indien die toonsoortverandering nie aangedui word nie, word slegs halfpunte toegeken* |

1.5 Noem die kadens in maat $13^3$–$14^1$.
**Antwoord:** Volmaakte kadens (1)

| |
|---|
| *1 punt vir naam van kadens* |

1.6 Identifiseer die nie-akkoordnote (x), (y) en (z) op die partituur.
**Antwoord:**
(x) Deurgangsnoot
(y) Onderhulpnoot OF Hulpnoot of wisselnoot
(z) Vooruitneming (3)

| |
|---|
| *1 punt elk = 3 punte* |

1.7 Omkring EEN noot op die partituur in die vokale party wat 'n terughouding vorm.
**Antwoord:**
A♭ in maat 4 van vokale party (1)

| |
|---|
| *1 punt vir noot wat korrek op partituur omkring is.* |

1.8 Identifiseer die musiekmiddel (komposisietegniek) wat in die vokale party in maat $9^1$–$12^2$ gebruik word.
**Antwoord:** (Patroon) en Sekwens/Herhaling op 'n hoër toonhoogte (2)

| |
|---|
| *2 punte* |

**[18]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 2 (Aanbevole tydsduur: 15 minute)**

Beantwoord die volgende vrae wat oor musiekteorie handel.

2.1 Transkribeer die melodie hieronder in die altsleutel op dieselfde toonhoogte.




**Antwoord:**




| |
|---|
| *½ punt elk vir sleutel en toonsoort = 1 punt*<br>*1 punt per maat vir 2 mate = 2 punte*<br>*Minus ½-punt vir elke fout* |

(3)

2.2 Transponeer die melodie hieronder vir B♭-klarinet ('n majeur 2de hoër). Voeg die nuwe toonsoortteken by.



**Antwoord:**




| |
|---|
| *1 punt vir toonsoortteken = 1 punt*<br>*1 punt per maat = 2 punte*<br>*Minus ½-punt vir elke fout* |

(3)

2.3 Herskryf die melodie hieronder in 'n enkelvoudige tydmaatteken sodat die passasie dieselfde klink. Voeg die nuwe tydmaatteken by.



**Antwoord:**



| |
|---|
| *1 punt vir tydmaatteken = 1 punt*<br>*1 punt per maat = 2 punte*<br>*Minus ½-punt vir elke fout* |


(3)


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

2.4 Voltooi die ontbrekende note om 'n blues-toonleer op G te vorm. Gebruik heeltone.

**Antwoord:**




| |
|---|
| *½ punt per regmerkie (√) = 2 punte*<br>*Enharmoniese ekwivalente is aanvaarbaar*<br>*2 punte toegeken slegs vir Afrikaanse antwoorde as gevolg van die tegniese vertaling van **heeltoon** in plaas van **heelnoot*** |

(2)

2.5 Beantwoord die volgende vrae oor intervalle:

2.5.1 Identifiseer die interval hieronder.



(Saamgestelde) Mineur 3de
**of** Mineur 10de

| |
|---|
| *Korrekte antwoord = 1 punt*<br>*Geen punt as interval nie volledig geïdentifiseer is nie* |

(1)

2.5.2 Skryf 'n interval van 'n vergrote vierde wat diatonies in B♭ majeur voorkom. Skryf sonder die toonsoortteken.



| |
|---|
| *Geen punt as interval nie in die korrekte toonsoort is nie*<br>*Geen ½-punte* |

(1)

2.6 Skryf TWEE verminderde drieklanke wat in D mineur voorkom. Skryf beide drieklanke in eerste omkering, sonder 'n toonsoortteken.



| |
|---|
| *1 punt elk = 2 punte/½ punt indien note korrek is, maar in die verkeerde posisie//½ punt vir korrekte besyfering*<br>*Al die note moet korrek wees vir 1 punt*<br>*Elke drieklank moet in die diskantsleutel of bassleutel voorkom* |

(2)

2.7 Voeg die korrekte tydmaatteken vir die volgende uittreksels by.
**Antwoord:**





| |
|---|
| *1 punt elk = 2 punte* |

(2)
**[17]**

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 


Downloaded from eduresourceza.com

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

**VRAAG 3 (Aanbevole tydsduur: 25 minute)**

3.1 Gebruik die openingsmotief wat hieronder gegee word om 'n twaalfmaat-melodie in ABA-vorm te voltooi. Voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

**Riglyn vir die nasiener:**




Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 3 | |
| Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks | 4 | |
| Dinamiek en artikulasie | 1 | |
| Korrekte notasie: nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring | 2 | |
| **TOTAAL** | **10** | |

*Nasieners mag ½-punte gebruik.* **[10]**

**OF**


eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


3.2 Gebruik die openingsmotief wat hieronder gegee word om 'n twaalfmaat-melodie in ABA-vorm te voltooi. Voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

**Riglyn vir die nasiener:**




Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 3 | |
| Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks | 4 | |
| Dinamiek en artikulasie | 1 | |
| Korrekte notasie: nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring | 2 | |
| **TOTAAL** | **10** | |

*Nasieners mag ½-punte gebruik.* **[10]**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Beantwoord ÓF VRAAG 4 ÓF VRAAG 5.**


**VRAAG 4 (Aanbevole tydsduur: 30 minute)**

Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Jy sal punte ontvang vir die kreatiewe gebruik van nie-akkoordnote.

**Moontlike antwoord 1:**




**Moontlike antwoord 2:**




**Moontlike antwoord 3:**





Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


Die harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| **BESKRYWING** | **PUNTE-TOEKENNING** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
|---|---|---|
| Korrektheid: verdubbeling, spasiëring, stemleiding, parallelle beweging, ens. | 14 | |
| Keuse van akkoorde: progressie, kadense | 12 | |
| Algemene indruk: kreatiwiteit, nie-akkoordnote | 4 | |
| **TOTAAL** | **30 ÷ 2 = 15** | |

| | |
|---|---|
| *Korrektheid:* | *Assesseer die 14 akkoorde vertikaal vir 1 punt elk = 14 punte minus ½ vir elke fout, maar nie meer as minus 1 per akkoord* |
| *Keuse van akkoorde:* | *Assesseer die 12 progressies vir 1 punt elk = 12 punte minus ½ vir elke fout, maar nie meer as minus 1 per progressie nie* |
| *Algemene indruk:* | *4 =100%*<br>*3½ =88%*<br>*3 =75%*<br>*2½ =63%*<br>*2 =50%*<br>*1½ =38%*<br>*1 =25%*<br>*½ =13%* |

*Nasieners mag ½-punte gebruik.* **[15]**

**OF**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5 (Aanbevole tydsduur: 30 minute)**

Voltooi die klavierstuk *Where am I?* in die styl van die materiaal wat hieronder gegee word, deur gepaste akkoorde in die basparty by te voeg.

**Moontlike antwoord:**




Die stuk sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|
| Keuse van gepaste akkoorde, skuiftekens | 12 | |
| Korrektheid: ritme, nootstele, akkoordstemleiding | 12 | |
| Algemene indruk: kreatiwiteit, artikulasie | 6 | |
| **TOTAAL** | **30 ÷ 2 = 15** | |

| | |
|---|---|
| *Keuse van akkoorde:* | *2 punte per maat = 12 punte minus ½ vir elke fout, tot 'n maksimum van 2 per maat* |
| *Korrektheid:* | *Minus ½ vir elke fout tot 'n maksimum van 1 punt per maat* |
| *Algemene indruk:* | *6 =100%*<br>*5½ =92%*<br>*5 =83%*<br>*4½ =75%*<br>*4 =67%*<br>*3½ =58%*<br>*3 =50%*<br>*2½ =42%*<br>*2 =33%*<br>*1½ =25%*<br>*1 =17%*<br>*½ =8%* |

*Nasieners mag ½-punte gebruik.* **[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS** **90 MINUTE**

**Beantwoord die vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.**

| |
|---|
| EEN punt sal toegeken word vir elke korrekte feit. Kandidate moet punte ontvang vir enige korrekte antwoord wat nie in die memorandum verskyn nie. |

**VRAAG 6**

**Vorm/Struktuur**

- Brahms ignoreer al die vorme wat gewoonlik vir laaste bewegings gebruik word en skryf variasies op 'n **grondbas** (Passacaglia).
- Tema-en-variasie-vorm
- Bestaan uit **30 variasies**.
- Variasies is in drie dele **(ABA)** georganiseer

  A
- (Tema and variasies 1–11)

  B
- (Variasies 12–15)

  A
- (Variasies 16–30)
- Die werk eindig met 'n lang en uitgebreide Koda

**Stemming**

- **Karakteraanduiding:** *Allegro energico e passionato*
- Verskillende stemmings word gebruik (plegtig, opgewonde, grasieus, intensief, ens.)
- Gebruik klank (*pp*) van die trombone in variasie 14 en 15 om 'n plegtige stemming uit te beeld
- **Deel A**
  Die stemming is meestal kragtig en intens
- **Deel B**
  Die stemming is meer liries, ontspanne en kalm
- **Deel A**
  Die stemming is energiek **[10]**
- **Koda**
  Die stemming word meer intens met die geroffel van die pouke, 'n versnellende, stygende tema en 'n vinniger tempo

| |
|---|
| *Punte sal soos volg toegeken word:*<br>*Vorm: 5 punte*<br>*Stemming: 4 punte*<br>*Opstelformaat: 1 punt* |

Kamien, R: *Music*: *An Appreciation*, 8ste uitgawe, 2004. McGraw-Hill, p 351 - 358
OBE/UGO PLUS*: Music Learner's Book*, p 86 - 87
Ralph, H: *The Symphony*, geredigeer deur Penguin Books, p 241- 243

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

## VRAAG 7

7.1

| Elemente | Swing | Bebop |
|---|---|---|
| **Melodie** | • Afwisseling van koperblaser- en saksofoonriffs word gebruik om spanning en opwinding te skep<br>• Gebruik populêre deuntjies<br>• Genoteerde melodieë<br>• Eenvoudige melodieë<br>*(Enige 1)* | • Deuntjies versier met die gebruik van nie-akkoordnote<br>• Melodieë het dikwels passasies met kort note met aksente op die tussenslae<br>• Melodiese frases verskil dikwels en het onreëlmatige lengtes<br>• Melodieë word dikwels gebou op akkoorde wat uit ses of sewe note bestaan<br>• Gekompliseerde melodieë<br>*(Enige 1)* |
| **Ritme en Tempo** | • Ontspanne gevoel geskep deur die swing-triool ('swung triplet')<br>• Kenmerkende gepunteerde agtstenoot-sestiendenoot-ritmiese eenhede<br>• Duidelik geartikuleerde vier slae per maat<br>• Opgeruimde ritme<br>• Ritmes gespeel soos in geskrewe verwerkings<br>• Gesinkopeerde ritmes<br>*(Enige 1)* | • Vinnige tempo's<br>• Ligte en komplekse ritmiese kontrapunt in frases met onreëlmatige lengtes gerangskik<br>• Ritmes vrylik geïnterpreteer sonder die beperkinge van notasie<br>• Gesinkopeerde ritmes<br>• Gevarieerd en onvoorspelbaar<br>*(Enige 1)* |
| **Instrumentasie** | • Blaas-seksie: trompet, tromboon, saksofoon<br>• Ritmeseksie: klavier, kitaar, basviool, tromme (Albei seksies moet<br>• Big Band<br>genoem word) | • Solo: Saksofoon (alt of tenoor), trompet, soms trombone<br>• Ritmeseksie: klavier, basviool, tromme, ook vibrafoon, elektriese kitaar<br>• Klein ensemble<br>*Albei seksies moet genoem word)* |
| **Form** | • 12-maat-blues<br>• 32-maat populêre lied<br>• (AABA, ABAC)<br>*(Enige 1)* | • 12-maat-blues<br>• 32-maat populêre lied<br>• (AABA, ABAC)<br>• Oorspronklike melodieë oor standaardvorms geskryf<br>*(Enige 1)* |

*1 punt per feit vir elke element (maksimum 4 punte)*
*1 punt vir vergelyking (maksimum 4 punte )* (8)

7.2 **Swing**: Duke Ellington, Louis Armstrong, Count Basie
**Bebop**: Dizzy Gillespie, Charlie Parker, Miles Davis

*1 punt per kunstenaar per jazz-styl* (2)
**[10]**

Kamien, R: *Music: An Appreciation*, 8ste uitgawe, 2004. McGraw-Hill, p 531- 536
OBE/UGO PLUS*: Music Learner's Book*, p 215- 217
Hurry, P en Phillips, M: Heinemann, *Advanced Music*, p 147 - 150

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 8

8.1

(a) *Polonaise in A$^{b}$-majeur, Op.53*, Chopin **of**
(b) *Erlkönig*, Schubert **of**
(c) *La Bohème*, Puccini **of**
(d) *Vioolkonsert in E-mineur,* eerste beweging, Mendelssohn **of**
(e) *Die Moldau*, Smetana

| |
|---|
| *Naam van werk = ½ punt*<br>*Komponis = ½ punt* |

(1)

8.2

(a) **Polonaise**

- Karakterstuk wat 'n spesifieke stemming of beeld skep
- 'n Komposisie in drieslagmaat
- Het 'n statige karakter
- Dikwels vir klavier
- Oorspronklik 'n Poolse hofdans wat die antieke glans van die Pole vasvang.
- Matige tempo

*1 punt per feit tot maksimum van 4 punte* (4)

**OF**

(b) **Kunslied/Lied**

- 'n Lied vir solostem en klavier
- Toonsetting van 'n gedig
- Omskep die gedig se stemming en beelde in musiek
- Begeleiding net so belangrik as die stem met die interpretasie van die lied

*1 punt per feit tot maksimum van 4 punte* (4)

**OF**

(c) **Opera**

- Drama wat gesing word
- Orkesbegeleiding word gebruik
- Vokale solo's, kore, kostuums en stel vorm deel van die opera
- Gesamentlike poging deur komponis en librettiste

*1 punt per feit tot maksimum van 4 punte* (4)

**OF**

(d) **Concerto**

- 'n Werk vir solo-instrument(e) en orkes
- Gewoonlik in drie bewegings
- Kombineer die solis se virtuositeit en interpretasievermoë met die orkes se breë omvang van klankkleur en dinamiek
- Die eerste beweging is gewoonlik in sonatevorm
- Cadenza kom in die werk voor

*1 punt per feit tot maksimum van 4 punte* **OF** (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


(e) **Simfoniese toondig**

- Programkomposisie vir orkes
- Hou verband met 'n sekere storie, emosie of beeld
- Enkelbewegingswerk
- Kan 'n tradisionele vorm of 'n oorspronklike, onreëlmatige vorm hê
- Musiek word gebruik om verskillende tonele en episodes wat in die teks beskryf word, na te boots, voor te stel of te suggereer.

  *1 punt per feit tot maksimum van 4 punte* (4)

| |
|---|
| *Indien 8.1 verkeerd beantwoord word, of weggelaat word, maar die kandidaat dui die genre aan en beskryf die genre in 8.2 korrek, word 1 punt per feit toegeken* |

Kamien, R: *Music: An Appreciation*, 8de uitgawe, 2004. McGraw-Hill, p 286 - 377
OBE/UGO PLUS: *Music Learner's Book*, p 60 – 106 **[5]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 9

**Debussy: *Voiles,* uit *Preludes Boek 1***

**Stemming:**
Mistige atmosfeer
Deurgans rustig, behalwe vir kort klimaks

**Tonaliteit**:
Heeltoon- en pentatoniese toonlere word gebruik, skep vae tonaliteit

**Ritme:**
Vry en nie streng nie
Polsslag dikwels onderverdeel

**Melodie:**
Melodie versier met verdubbeling in oktawe en vergrote intervalle

**Dinamiek:**
Sag – meestal sag tot baie sag

*1 feit per element = 5 punte*

**[5]**

**OF**

**Stravinsky: *The Rite of Spring***

**Stemming:**
Hipnoties, rustig, ontspanne, peinsend aan die begin
Later klink dit kras en primitief

**Tonaliteit**:
Politonaliteit, atonaal, uitgebreide tonaliteit

**Ritme:**
Onverwagte, onreëlmatige aksente
Ritme amper onafhanklik van melodie
Poliritme

**Melodie:**
Melodiese fragmente het 'n nou omvang
Volksmelodieë

**Dinamiek:**
Wye omvang van dinamiek

*1 feit per element = 5 punte*

**[5]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Lerner & Loewe: *My Fair Lady*: *The Rain in Spain*; Leonard Bernstein: *West Side Story*: *Maria;* A Lloyd Webber: *Phantom of the Opera: All I ask of You***

**Stemming:**
***The Rain in Spain:*** Vreugdevol, uitbundig
***Maria:*** Somber, gewyd
***All I ask of You:*** Romanties, passievol

**Tonaliteit**:
***The Rain in Spain***: Majeur
***Maria:*** Majeur
***All I ask of You:*** Majeur

**Ritme:**
***The Rain in Spain:*** Habanera-ritme, baie gepunteerde note, soms sinkopasie
***Maria:*** Stadige tango-ritme, baie sinkopasies
***All I ask of You:*** Stadige ritmiese beweging, soms sinkopasie

**Melodie:**
***The Rain in Spain***: Singbare melodie met gesproke dialoog
***Maria:*** Ekspressiewe melodiese intervalle (Vergrote 4de), wye omvang
***All I ask of You:*** Ekspressiewe melodiese intervalle (dalende 6de), wye omvang

**Dinamiek:**
***The Rain in Spain:*** Meestal hard
***Maria:*** Wissel tussen baie sag en matig hard
***All I ask of You:*** Meestal matig hard

*1 punt per feit vir 5 elemente wat verband hou met enige van die drie liedere = 5 punte* **[5]**

**VRAAG 10**

10.1

| | |
|---|---|
| **A** | IsiXhosa |
| **B** | Afrikaans |
| **C** | Sesotho |
| **D** | Engels |

(4)

10.2
*Enige twee korrekte antwoorde = 1 punt elk (maksimum 2 punte)*

| | |
|---|---|
| **A** | E Sontonga |
| **D** | M L de Villiers |
| **C** | E Sontonga |
| **D** | M L de Villiers |

(2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

10.3 C J Langenhoven: Afrikaans
J Zaidel-Rudolph: Engels
E. Sontonga: isiXhosa / isiZulu/ seSotho

| |
|---|
| *2 punte vir persone betrokke by die teks*<br>*2 punte vir die korrekte taalaanduiding* |

(4)

OBE/UGO PLUS: *Music Learner's Book*, p 161–166 **[10]**

## VRAAG 11

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 11.1 | Niel van der Watt | c, e | 4, 6 **of** | |
| | Mzilikazi Khumalo | b, f | 1, 5 **of** | |
| | S J Khoza | a, d | 2, 3 | (4) |

*2 punte vir slegs **een** komposisie*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 11.2 | Mandoza | g, i, l | 9, 12 **of** | |
| | Lucky Dube | g, k | 7, 11 **of** | (4) |
| | Steve Hofmeyr | g,h, j | 8, 10 | |

*2 punte vir slegs **een** komposisie* **[8]**

## VRAAG 12

**Metallica: Styl:** Heavy Metal *(1 punt)*

**Kenmerke van die styl** *(4 punte)*

- Gekenmerk deur klank wat deur kitaar en trom gedomineer word
- Instrumente wat algemeen gebruik word is 'n tromstel, baskitaar, ritmekitaar, hoofkitaar en 'n sanger – wat 'n instrument speel of nie
- Klawerborde was gewild onder vroeë metal-'bands'- veral die orrel en soms die mellotron
- Die kitaarsolo is prominent
- Komplekse verwerkings kom algemeen voor
- Hoogs versterkte, verwronge kitaarklanke
- Oor die algemeen hard
- Interaksie tussen baskitaar en kitaar is van groot belang
  *(Enige 4)*

**Treeferliedjie/Album** *(1 punt)*

- *Kill them all*
- *Load*
- *Master of Puppets*
  *(Enige ander relevante liedjie/album)* (6)

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**Michael Jackson**

**Styl:** R&B (Populêre musiek/Popmusiek) *(1 punt)*

**Kenmerke van die styl** *(4 punte)*

- Kombineer elemente van hip hop, soul en funk
- Inkorporeer Motown se dans en ballades, funk-ritmes en hard rock-kitaar
- Ballades is sag en gevoelvol
- Kenmerkende falsettostem
- Ritmes gegenereer deur trommasjiene
- Gladde, ryk styl in vokale partye

*(Enige 4)*

**Trefferliedjie/Album** *(1 punt)*

- *Billie Jean*
- *Thriller*
- *Beat it*

*(Enige ander relevante liedjie/album)* (6)

**OF**

**David Bowie**

**Styl:** Glam rock *(1 punt)*

**Kenmerke van die styl** *(4 punter)*

- Gebruik dikwels oktaafskuiwing vir verskillende repetisies van dieselfde melodie, soos in sy liedjies *Space Iddity* en *Heroes*
- Alle stilistiese elemente van rock en heavy metal word gebruik, maar met 'n ligter toon
- Wissel van eenvoudige rock 'n' roll tot komplekse art rock
- Begeleiding heavy rock-klank
- Teateragtige lirieke gebaseer op tienerrevolusie

*(Enige 4)*

**Trefferliedjie/Album** *(1 punt)*

- *Space Oddity*
- *Heroes*
- *Low*

*(Enige ander relevante liedjie/album)*

(6)

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**Oasis** **Styl:** Brit Pop *(1 punt)*

**Eienskappe van die styl** *(4 punte)*
- Solosanger en begeleidingsgroep
- Sterk beïnvloed deur die Britse kitaarmusiek van die 1960's en 1970's.
- Die styl toon 'n gevoel van ontsag/respek vir die musiek van die verlede
- Gebruik interessante vassteekwysies en riffs met lirieke wat vir jong Britte aktueel is
- Rock-ritmes word dikwels gebruik
- Lirieke in Britse streeksaksente gesing
- Elektriese kitaar word as hoofinstrument gebruik
- Subgenre van alternatiewe rock

*(Enige 4)*

**Trefferliedjie/Album** *(1 punt)*
- *Definitely Maybe*
- *Blur*
- *Morning Glory*

*(Enige ander relevante liedjie/album)* (6)

**OF**

**Spice Girls** **Styl:** Girl band *(1 punt)*

**Kenmerke van die styl** *(4 punt)*
- Lewendige, energieke musiek
- Musiek het ondertone van feminisme
- Musiek en beeld op tieners gemik
- Meisies wat saam harmoniseer
- Lirieke handel oor liefde, seks en die uitdrukking van sterk bande tussen vriendinne

*(Enige 4)*

**Trefferliedjie/Album** *(1 punt)*
- *Spice up your life*
- *Wannabe*
- *Say you'll be there*

*(Enige ander relevante liedjie)* (6)

**OF**

**Westlife** **Styl:** Boy band *(1 punt)*

**Kenmerke van die styl** *(4 punte)*
- Eenvoudige, herhalende melodieë
- In die vroeë jare is tiener-popliedjies met stadige, matige en vinnige tempo's gesing
- Soos wat hulle meer volwasse geword het, het hulle na volwasse kontemporêre musiekstyle geneig
- Die meeste van hulle albums is 'n mengsel van genres: R&B, akoesties, club/elektronies, dansmusiek, jazz en country

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Musiek handel meestal oor liefde en motivering, veral in die vroeë tydperk
- Oorwegend ensemblesang
  *(Enige 4)*

**Trefferliedjie/Album** *(1 punt)*

- *When I'm with you*
- *You raise me up*
- *If I let you go*
  (*Enige ander relevante liedjie/album)* (6)

**[6]**

OBE/UGO PLUS: *Music Learner's Book*, p190 – 204
www.Wikipedia.org

**VRAAG 13**

***Monna e Motenya***

13.1
- Die stuk is 'n musikale grappie oor verskeie oorgewig familielede wat almal op fietse ry
- Die skrywer spot in ligte luim met die familie (2)

13.2
- Herhaling van melodiese en ritmiese motiewe
- Parallelle beweging tussen stemme
- Vraag-en-antwoordsang
- Tonale harmonie
  *(Enige 3)* (3)

13.3 Tweeledige vorm (herhalend) of AB-vorm (1)

**[6]**

**OF**

***Plea from Africa***

13.1
- A Versugting (gebed) tot God vir verlossing
- 'n Pleidooi vir ewige redding (2)

13.2
- Gesangagtige melodie in die soloversseksie
- Kort vraag-en-antwoordsang in die refreingedeelte tussen die solo en koor
- Homofoniese koraalstyl in die refrein van die SATB-gedeelte
- Tonale harmonie met twee chromatiese veranderinge
- Solo en refrein
- Hoofsaaklik primêre drieklanke
  *(Enige 3)* (3)

13.3 Vers-en-refreinvorm (2 verse) of tweeledige vorm (herhalend) of AB-vorm (1)

**[6]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

***Gabi Gabi***

13.1
- 'n Lofprysingslied wat die trots om 'n Christen te wees, uitbeeld
- Handel oor die skep van 'n Christengemeenskap (2)

13.2
- Herhaling van melodiese en ritmiese motiewe
- Paralelle beweging in stemme
- Uitgebreide vraag-en-antwoordsang
- Tonale harmonie met klein chromatiese veranderinge
  *(Enige 3)* (3)

13.3 Tweeledige vorm (herhalend) OF AB-vorm (1)

OBE/UGO PLUS*: Music Learner's Book*, p148 – 160 **[6]**

**VRAAG 14**

**Kwaito**

- Lirieke gewoonlik in Suid-Afrikaanse stedelike tale
- Oorsprong in house-musiek en het in die 1990's ontwikkel
- Sang dikwels geskree of in dreunsang eerder as gesing
- Gebruik diep baslyne
- Word met 'backtracks' gebruik
- Herhaling van melodie, ritme en lirieke kom dikwels voor
  *1 punt per feit tot 'n maksimum van 5 punte* (5)

**Musiek vir sosiale geleenthede**

- Ritmes het hul oorsprong in daaglike aktiwiteite
- Melodieë word deur sangers gedreunsing
- Kort melodieë word gebruik
- Tydens opvoerings kan enige persoon begin improviseer terwyl die ander aanhou speel of sing
- Dansbewegings is 'n fundamentele deel van die musiek se struktuur
  *1 punt per feit tot 'n maksimum van 5 punte* (5)

**Moppies en Ghoemaliedjies**

- Samesmelting van Westerse en Oosterse style uit die Maleise lewenswyse
- Tradisionele begeleiding bestaan uit 'n kitaar, banjo en tromme
- Ander kulture soos die Khoi-Khoi en Madagarskarse kultuur is ook in die liedjies te bespeur.
- Liedjies word deur 'n ghoemaritme (ritme wat uit twee sestiendenote en 'n agtstenoot bestaan) begelei.
- Verdeel in vier kategorieë: tradisionele trouliedjies, Nedelandse volksliedjies, grappige liedjies en piekniekliedjies
- Liedjies word dikwels deur dansbewegings vergesel
- Inhoud van die liedjies is meestal lig en snaaks
- Liedjies met sosiale inhoud
- Interessante historiese feite oor die Kaap word dikwels deur die liedjies oorgedra
  *1 punt per feit tot 'n maksimum van 5 punte* (5)

OBE/UGO PLUS: *Music Learner's Book*, p 222 - 224 **[5]**

**TOTAAL AFDELING: 65**
**GROOTTOTAAL: 125**


Downloaded from eduresourceza.com